

Duisende mense, miljarde rande nodig vir mynbouvaardighede

Dewald van Rensburg,
Johannesburg

Die mynbousector in Suid-Afrika is in een van sy grootste opbloei-fases sedert goud aan die Witwatersrand ontdek is, maar die kundiges wat al dié myne moet bou en bestuur, word al hoe skaarser.

Volgens 'n navorsingsverslag deur die personeelgroep Landelahn word daar buite die bekende tekort aan ambagslui en ingenieurs ook te min nuwe mynbou-stuurders in Suid-Afrika gesertifiseer.

In 2003 en 2004 is daar geen nuwe mynboubestuursertifikate uitgereik nie. In 1997 is 'n rekord van 123 sertifikate uitgereik.

Hoewel dié syfer in 2006 weer tot 80 gespring het, behoort dit in die konteks van die reuse-aantal nuwe myn-lisensies wat uitgereik

Dis nie dat hulle nie probeer nie...

Al daal die jaarlikse registrasie van ingenieurs sedert 1998, probeer al meer mense oor dieselfde tydperk ingenieurs word.

Tussen 1998 en 2006 het 304 240 studente hulself vir ingenieurskursusse ingeskryf en daar is selfs in 2005 'n hoogtepunt van meer as 70 000 inskrywings tot ingenieurskursusse by Suid-Afrikaanse universiteite bereik, wys Landelahn se verslag.

Oor dié nege jaar het egter net 35 511 graad gekry. Die aantal wat hul kursusse voltooi styg wel, maar teen 'n laer koers as

waarmee inskrywing toeneem. Dus misluk daar proporsioneel al meer mense om hul ingenieursgrade te voltooi.

Die reuse-hoeveelheid studente wat nie hul grade voltooi nie is eensyds 'n aanduiding dat hulle nie voldoende finansiële ondersteun word nie en andersyds 'n aanduiding dat hoërskoolonderrig nie voldoende is nie.

"Al die studente moes op skool vir ingenieurswese gekwalifiseer het of die universiteit se eie inskrywingstoetse geslaag het," sê Burmeister.

word, veel hoër te wees, sê me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van Landelahn.

beidsektor om die verkryging van skaars vaardighede vir die land te bespoedig, het vroeër uitgewys dat 12 500 ambagslui per jaar vir vier jaar opgelei sal moet word om in die vaardigheidsbehoefies te voldoen.

Slegs 434 ambagslui sal egter jaarliks deur die mynbou-seta opgelewer word, sou die instelling sy huidige teikens handhaaf, sê Burmeister.

Naas die konstruksiebedryf het die mynbou-seta die grootste opleidingsprogram.

Opleidingssteikens vir ambagslui en ingenieurs moet lae slaagsyfers in ag neem. Burmeister sê 11,5% van ingenieurswese-studente en 42% van diegene wat ambagstoetse skryf, slaag hul kursusse.

In Suid-Afrika het daar in 1985 sowat 13 500 uit 26 500 nuwe am-

bagslui hul bedryfs-toetse geslaag, terwyl daar in 2006 net 3 222 uit 9 041 geslaag het.

Daar is nou 'n groeiende tekort aan ingenieurs selfs midde-in toenemende belangstelling in dié vakgebied.

Die ingenieursraad van Suid-Afrika het in 1998 altesame 786 professionele ingenieurs geregistreer. In die daaropvolgende jaar is net 361 geregistreer – 'n vlak wat sederdien gehandhaaf word. Die seta-opleidingsstelsel het die vaardigheidstekort vererger, sê Burmeister.

Die afname in die registrasie van professionele ingenieurs sedert die laat 1990's hou volgens haar verband met die opskorting van private beurskemas en die aanbreek van die 1%-vaardigheidstarief wat uiteindelek deur die setas aangewend word.

Gesoeke: R14,4 mjd. vir ambagslui

Dit is die bedrag wat nodig is om vir vier opeenvolgende jare 12 500 nuwe ambagslui op te lei.

Volgens Landelahn kos dit gemiddeld R120 000 oor drie jaar om 'n ambagsman op te lei.

Die benodigde 50 000 ambagslui sal egter hul ambagstoetse moet slaag en die slaagsyfer vir ambagstoets staan tans op net 42%.

Dus moet daar eerder 120 000 ambagslui opgelei word in die hoop dat genoeg die paal haai, het Landelahn gesê.